



Geagte Ouers

Soos julle weet het ons 'n geweldige probleem met die hekke waar kinders in en uit die skoolterrein beweeg.

Reëls wat ons baie streng gaan toepas is as volg:

1. Om 7:45 (kwart voor 8) sal alle hekke gesluit word. Alle ouers **moet** reeds met hul voertuie uit die parkeerarea wees asseblief.
2. Geen ouers mag meer die kinders na die aantree blok vergesel nie. U kind weet waar sy of haar klas en aantree blok is.
3. Die kleinhekkie sal stiptelik om 13:00 oopgesluit word en dan wag u by die hekkie vir u kind om huis toe te gaan. **GEEN** ouers word meer toegelaat om u kind by die klas te gaan haal nie.
4. Indien u 'n onderwyser wil spreek moet u vooraf 'n afspraak maak en nie voorskool gou met hulle probeer praat nie.
5. As u motors nog in die parkeerarea staan en die hekke word gesluit, gaan u motor daar bly totdat die hekke weer oopgesluit word.
6. Die skool is nou 1 maand aan die gang en ek glo en vertrou dat u bewus is van die reëls.
7. Hierdie maatreëls word vanaf môre, 18 Februarie 2016 toegepas. Hoop u verstaan en ons vra u dringende samewerking.
8. Dit is uiters steurend as u voor 'n klas wag terwyl die skool-ure nog nie verstreke is nie. Probeer asseblief om die reëls na te kom, voordat die onderwysers u moet vra om die terrein te verlaat. Kan ons asseblief saamwerk en eens en vir altyd die reëlings reg kry.
9. Baie dankie aan alle ouers wat saamwerk.

Vriendelike groete.

MNR MK ERASMUS
HOOF